Laat julle as lewende stene opbou tot 'n geestelike huis,
om 'n heilige priesterdom te wees en geestelike offers te bring
wat deur Jesus Christus vir God welgevallig is.

- ***1 Petrus 2:5***

Die kerk bestaan uit lewende stene wat in een gebou saamgevoeg word. Ek en jy vorm deel van God se gebou, ons is ingemessel.
Om hierdie heilige priesterdom te wees vra dat ons Geestelike offers sal bring wat deur Jesus Christus welgevallig is.

Lewende Stene

Jy is ingemessel

OPENING

Hoor hoe gaan dit met elkeen (spandeer tyd saam om te luister en te ontdek)

KOM ONS BEGIN

Wat sien jul raak in hierdie prent?

_____

_____

_____

Ons eie voorkeure en begeertes van en oor die kerk gaan nie oor my nie. Ons gaan die dienskneg-motief sien en ontdek wat Christus se gedagte is vir ons binne 'n geloofsfamilie as geestelike messelaars van Sy "gebou". **Sien fokus teks**:

Ons teks vir hierdie reeks is 1 Petrus 2:5

*Laat julle as lewende stene opbou tot 'n **geestelike huis**,*
om 'n heilige priesterdom te wees en geestelike offers te bring
wat deur Jesus Christus vir God welgevallig is.
1 Petrus 2:5

KOM ONS LEES
Fil 2 :1-11

1Aangesien julle die troos in Christus ondervind het, die aansporing deur die liefde, die gemeenskap deur die Gees, die innige meegevoel en meelewing – 2maak dan nou my blydskap volkome deur eensgesind te wees: een in liefde, een van hart, een in strewe. 3Moet niks uit selfsug of eersug doen nie, maar in nederigheid moet die **een die ander hoër ag as homself**.
4Julle moenie net elkeen aan sy eie belange dink nie, maar ook aan dié van ander.

Die voorbeeld van Jesus Christus

5Dieselfde gesindheid moet in julle wees wat daar ook in Christus Jesus was: 6Hy wat in die gestalte van God was, het sy bestaan op Godgelyke wyse nie beskou as iets waaraan Hy Hom moes vasklem nie, 7maar Hy het Homself verneder deur die gestalte van 'n slaaf aan te neem en aan mense gelyk te word. En toe Hy as mens verskyn het, 8het Hy Homself verder verneder. Hy was gehoorsaam tot in die dood, ja, die dood aan die kruis. 9Daarom het God Hom ook tot die hoogste eer verhef
en Hom die Naam gegee wat bo elke naam is, 10sodat in die Naam van Jesus elkeen wat in die hemel en op die aarde en onder die aarde is, die knie sou buig, 11en elke tong sou erken:
"Jesus Christus is Here!" tot eer van God die Vader.

INHOUD & GESPREK

:2 Wie se blydskap moes hul volkome maak ?

_____

_____

_____

:2 Hoe moes hul eensgesindheid uitleef

- een in liefde – hoe?
- een van hart - hoe?
- een in strewe – hoe?

:3 Dink na oor vers 3 met nederigheid as deel van die vrug van die Gees.

:3 Hoe kan ek aan die belange van ander dink met my beskikbare

- Tyd
- talente en gawes
- middele en vermoëns

_____

_____

_____

:5-10 Hoe het Jesus daarin vir ons 'n voorbeeld gestel?

_____

_____

VERDERE GESPREK
Lees ook Mark 9:33-35

33 Toe hulle daarna in Kapernaum by die huis kom, het Hy vir hulle gevra: “Waaroor het julle langs die
pad geloop en praat?”
34 Hulle het egter niks geantwoord nie, want hulle het langs die pad met mekaar gestry oor wie van
hulle die belangrikste is. 35 Jesus het gaan sit en die twaalf geroep. Hy sê toe vir hulle: “As iemand die
eerste wil wees, moet hy die heel laaste en **almal se dienaar** wees.”
36 Toe het Hy 'n kindjie geneem en hom tussen hulle laat staan. Hy het sy arm om hom gesit en vir
hulle gesê: 37 “Elkeen wat so 'n kindjie in my Naam ontvang, ontvang My; en elkeen wat My ontvang,
ontvang nie net vir My nie, maar ook vir Hom wat My gestuur het.”

Wat tref jou oor Jesus se woorde in vers 35?

_____

_____

_____

:37 Wat is Jersus se hart oor kindertjies, nederiges, gebrokenes en dié wat klein is in die oë van die wêreld?

_____

_____

_____

UIT SONDAG SE EREDIENS

Ons het na statistiek geluister van waar die Here die gemeente gebruik in gebrokenheid ... ons verhale van gebrokenheid, seer, keuses en wat ons geleer het van wat God se hart is vir mense wat stukkend is. Hoe gebruik God jou?

Wat kan jul byvoeg vanuit die eredienste van Sondag in ons kampusse?

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

MAAK VAS

- Dit gaan NIE oor my nie maar oor God!
- Ons bou elkeen aan God se gebou.
- Ons is medewerkers en medebouers
- God verskaf die materiaal
- Ek is verantwoordelik vir materiaal aan my uitgedeel
- Dit bly God se materiaal
- Ek is verantwoordelik om my opleiding en toerusting te gebruik in God se span bouers.
- God kan enige fout herstel
- Die fondasie bly altyd Christus.
- Daarom bou ons met God se waardes volhardend tot Hy kom.

.

Gebed

Here ek wil meer bif oor die geestelike bouwerk wat ek moet doen, die geestelike familie waarvan ek deel is en die geestelike bydrae wat ek moet gee! Ek begin op my knieë en meld aan as geestelike bouer gelei deur die Woord en Gees. Ek is ‘n trotse, maar nederige bouer in Jesus.

Amen

NOTAS